APOLLO® SC

Reg no L 3188 Act / Wet 36/ 1947

A suspension concentrate contact and residual acaricide, controlling eggs and young larvae of the mites mentioned, in the crops listed.	'n Suspensiekonsentraat kontak- en nawerkende mytdoder vir die beheer van eiers en jong larf-stadiums van die myte vermeld in die genoemde gewasse.

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Clofentezine (tetrazine)……..500 g /ℓ ……Klofentesien (tetrasien)

NET VOLUME / NETTO VOLUME

® Registered trade-mark of IRVITA PLANT PROTECTION NV, CURACOA, NETHERLAND ANTILLES.
® Geregistreerde handelsmerk van IRVITA PLANT PROTECTION NV, CURACOA, NEDERLANDSE ANTILLE.

Registered and Marketed by:
Makhteshim-Agan SA (Pty) LTD
Reg no 92/01741/07
PO Box 498, Brackenfell 7561
Tel no: (021) 982 1460

Geregistreer en bemark deur:
Makhteshim-Agan SA (Pty) LTD
Reg no 92/01741/07
Posbus 498, Brackenfell 7561
Tel no: (021) 982 1460

Batch number …… Lotnommer

Date of Manufacture ……. Datum van Vervaardiging

TRANSPORT INFORMATION
NOT DANGEROUS FOR TRANSPORT



CAUTION
VERSIGTIG

WARNINGS

- Allow 30 days between last application and harvest.
- Store in a safe, dry place away from food, feed, fertilizer and other chemicals.
- Poisonous by contact, swallowing and inhalation.
- Toxic to fish, bees and wild life.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Although **APOLLO** has been tested on most important cultivars and no phytotoxic effects have been recorded, this does not mean that a more susceptible cultivar cannot be commercialised in the future. Where new cultivars are encountered large areas should not be sprayed without prior testing of **APOLLO** on that cultivar.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof my be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the pest against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal of for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

- See specific "Resistance warning" at end of label

PRECAUTIONS

- Do not inhale spray mist.
- Wear protective gloves and face shield when handling the concentrate.
- Avoid contact with skin.
- In case of eye or skin contact, wash skin thoroughly with soap and water and immediately flush eyes for 15 minutes with running water.
- Wash contaminated clothing before re-use.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing and water sources.
- Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- Destroy the empty container by perforation and flattening and **NEVER** use for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

DIRECTIONS FOR USE
USE ONLY AS INDICATED

COMPATIBILITY

APOLLO SC is compatible with most commonly used insecticides, fungicides and other acaricides used in Apples and Pears as well as with **MANGANESE SULPHATE** (Reg no B1172), **MAGNESIUM SULPHATE** (Reg no B647) and ZINC OXIDE (Reg no B41). Consult your Makhteshim-Agan representative in the case of any uncertainty.

MIXING AND APPLICATION INSTRUCTIONS

Half fill the spray tank with clean water. Shake the **APOLLO SC** container thoroughly immediately before use. Measure the required volume of **APOLLO SC** and pre-mix this with at least 10 ℓ water. (If any other product is to be mixed with **APOLLO SC,** pre-mix the required volume of product in similar fashion.) Agitate the water in the spray tank and add the pre-mixed product(s) in the following sequence (as applicable): adjuvant, suspension concentrate and emulsifiable concentrate(s). Fill the spray tank with water to the required level while maintaining agitation to ensure thorough mixing of the spray mixture before spraying commences. Maintain agitation while spraying.

Prepared spray mixture must not be left for any length of time, e.g overnight. Ensure that agitation takes place for a few minutes prior to commencement of spraying after normal operational stops, e.g lunch break.

TIME OF APPLICATION

Refer to "Remarks" in table below

CROP / PEST	DOSAGE RATE 100 ℓ WATER*	REMARKS
APPLES AND PEARS Red Spider Mite (*Tetranychus urticae* – red and green form) European Red Mite (*Panonychus ulmi*)	40 mℓ	Non IPM orchards In order to exploit the ovicidal action of **APOLLO SC** it should be applied from early mite movement. Spraying should therefore commence before the end of December or when the first ** signs of mite movement are observed.
Red Spider Mite (*Tetranychus urticae* – red and green form)	40 mℓ	IMP orchards Use where integrated Pest management (IPM) is well established. Apply as required when *T.urticae* mites are present, but before the infestation reaches a level where economic damage is imminent, taking into account the effectiveness of the biological control.agents as determined from frequent field checks, conducted by appropriately trained personnel.

* Determine the rate per hectare using the Tree Row Volume method as described in the Deciduous Fruit Grower of November 1986.

****** 0,5 Adult and/or nymphal mites per leaf, as determined by a method accepted by the FFTRI OR THE "Fieldsman's Association"

RESISTANCE WARNING

Repeated use of **®APOLLO** may lead to the build up of resistant mite strains probably also cross-resistant to **®CASCADE**. Therefore only one application of either **®APOLLO** or **®CASCADE** may be applied per season. Should further mite control be necessary, use a miticide with a different mode of action like **®PEROPAL**.

®CASCADE DC (L5128) is the registered trade-mark of SA Cyanamid (Pty) limited – Chemical Division.

®PEROPAL SC (L3457) is the registered trade-mark of Bayer AG, Germany.

WAARSKUWINGS

- ‘n Periode van 30 dae moet verloop tussen laaste toediening en oes.
- Bêre op veilige, droë plek weg van voedsel, voer, saad, kunsmis en ander landboumiddels.
- Giftig by kontak of wanneer deur die vel geabsorbeer of ingeasem word.
- Giftig vir visse, bye en wild.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel **APOLLO** op die mees belangrike cultivars getoets is, met geen betekenisvolle fitotoksiese simptome nie, beteken dit nie dat ‘n meer vatbare cultivar dalk in die toekoms gekommersialiseer kan word nie. Waar nuwe cultivars aangetref word, moet groot areas nie behandel word voordat **APOLLO** op daardie cultivar getoets is nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie.

Sien spesifieke “ Waarskuwing teen Weerstand” aan einde van etiket.

VOORSORGMAATREëLS

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Dra rubber handskoene en ‘n gesigskerm wanneer die konsentraat hanteer word.
- Vermy kontak met vel.
- In geval van oog- of velkontak, was die vel deeglik met seep en water en spoel oë vir 15 minute met lopende water.
- Was besoedelde klere voordat dit weer gedra word.
- Voorkom oorwaai van sproeinewel na ander gewasse, weiding en waterbronne.
- Keer die leë houer om oor die spuit of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot ‘n gedrup verminder het. Spoel leë houer daarna driekeer uit met ‘n volume water gelykstaande aan ‘n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig leë houer deur gate daarin te maak en plat te slaan en moet dit nie vir enige ander doel gebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

GEBRUIKSAANWYSINGS
GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

VERENIGBAARHEID

APOLLO SC is verenigbaar met die meeste insekdoders, swamdoders en ander myt doders wat algemeen gebruik word in Appels en Pere asook met **MANGAANSULFAAT** (Reg nr B1172), **MAGNESIUMSULFAAT** (Reg nr B647) en SINKOKSIED (Reg nr B41). Raadpleeg u Makhteshim-Agan verteenwoordiger in geval van enige onsekerheid.

VERMENGING- EN TOEDIENINGSVOORSKRIFTE

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Skud die **APOLLO SC** houer deeglik net voor gebruik. Meet die benodigde volume **APOLLO SC** af en meng dit vooraf in minstens 10 ℓ water. (Indien enige ander produk met **APOLLO SC** gemeng gaan word, moet die benodigde volume van daardie produk op soortgelyke wyse eers vooraf gemeng word.) Roer die water in die spuittenk en voeg dan die produk (te) in die tenk in die volgende volgorde (soos van toepassing): bevorderingsmiddel, suspensiekonsentraat, emulgeerbare konsentrate. Vul die spuittenk met water tot by die verlangde vlak terwyl daar voortdurend geroer word om deeglike vermenging te verseker voordat daar met toediening begin word. Handhaaf roering gedurende toediening. Aangemaakte spuitmengsels moenie in die spuittenk gelaat word vir ‘n onbepaalde tyd nie, bv. oornag. Maak seker dat die mengsel vir ‘n paar minute geroer word voordat voortgegaan word met bespuitings na ‘n onderbreking van die spuitproses bv. na etenstyd.

TOEDIENINGSTYD
Verwys na “Opmerkings” in die onderstaande tabel.

GEWAS / PLAAG	DOSIS / 100 ℓ WATER*	OPMERKINGS
APPELS EN PERE Rooispinmyt *(Tetranychus urticae* – rooi en groen fase) Europese rooimyt *(Panonychus ulmi)*	40 mℓ	Nie GPB Boorde Om die eierdodende werking van **APOLLO SC** ten volle te benut, moet dit toegedien word vanaf vroeë mytbeweging. Bespuitings moet dus begin voor die einde van Desember of wanneer die eerste **tekens van mytbeweging waargeneem word.
		GPB Boorde
Rooispinmyt *(Tetranychus urticae* – rooi en groen fase)	40 mℓ	Gebruik waar Geïntegreerde plaagbestuur (GPB) goed gevestig is. Dien toe wanneer *T.urticae* teenwoordig is, maar voor die infestasie ekonomies skadelik afmetings aanneem. Neem die effektiwiteit van die biologiese beheeragente, soos bepaal deur gereelde boordondersoeke deur toepaslik opgeleide persone, in ag.

* Bepaal die dosis per hektaar na aanleiding van die Boomry Volume metode soos beskryf in “Die Sagtevrugteboer” van November 1986.

** 0,5 Volwasse en/of nimfale myte per blaar, soos bepaal deur ‘n verkenningsmetode aanvaarbaar vir die NIVV of die “Fieldsman’s Association.”

WAARSKUWING TEEN WEERSTAND

Die herhaalde gebruik van **®APOLLO** mag lei tot die opbou van weerstandbiedende-mytrasse wat moontlik ook kruisbestand teen **®CASCADE** kan wees. Daarom mag slegs een toediening van of **®APOLLO** of **®CASCADE** per seisoen gemaak word. Sou verdere beheer van myte nodig wees, gebruik dan ‘n mytdoder met ‘n ander wyse van werking die werking soos **®PEROPAL**.

®CASCADE DC (L5128) is die geregistreerde handelsmerk van S A Cyanamid (Edms) Beperk – Chemie Afdeling.

®PEROPAL SC (L3457) is die geregistreerde handelsmerk van Bayer AG, Duitsland.